**12 Januarie**
**Skrifgedeelte: Psalm 111 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Psalm 111:1(a)**

## ’n Alfabetiese loflied

Om te kan praat, het ’n mens woorde nodig. Om woorde te kan sê, het ’n mens klanke en letters, ’n alfabet nodig. En dit is presies wat die Psalmdigter hier doen. Hy begin om letterlik die Here met elke letter van die Hebreeuse alfabet te loof en te prys.

So word letter vir letter saamgevoeg en kry een van die mooiste lofliedere ooit sy gestalte. ’n Loflied wat die hartsnare roer, want hierdie gedig kom opreg uit die hart uit. Die Psalmdigter skryf, nee, hy sing en juig oor die wonderlike skeppingsdade van die Here, en vol van die Heilige gees borrel dit uit sy hart oor sy lippe. Hy kan dit nie vir homself hou nie – waar die hart van vol is, loop die mond van oor. Letter vir letter ...

Met die volmaakte alfabet kan jy enige iets verwoord. Ons Here Jesus het na Homself as die Volmaakte Alfabet verwys: *Ek is die Alfa en die Omega.* En met hierdie Volmaakte Alfabet het ons alles. Met Hom wat die Alfa en die Omega is, het ons niks méér nodig nie. Hierdie allesomvattende Alfa en Omega, wat ook vir my geskep het, wat my harde kliphart met ’n nuwe vleishart vervang het, is alleen lofwaardig om geprys en geëer te word! Al wat ons nodig het om te doen, is Hom aan te neem en vir sy genade, liefde, barmhartigheid, en magtige verlossingsdade te loof en te prys!

Halleluja – Met my hele hart wil ek die Here loof en prys – die hele alfabet deur, van begin tot einde ...

Sing: Psalm 9:1 en 10 (Totius)

Teologiese student JJ de Bruyn